


Algemene inligting oor donkies

Donkies behoort aan die familie Equidae. Equidae is diere met enkelvoudige hoewe (nie-gesplete hoewe), dun bene, 'n gladde haarbedekking en 'n smal ry maanhare wat bo-op die nek groei. Ander lede van die Equidae familie is perde, sebras en muile.



Benamings

Muil – dit is die nageslag van 'n kruising tussen 'n perd en 'n donkie.

Perdemuil – as die donkie die manlike dier was en die perd die vroulike, word die afstammeling 'n perdemuil genoem.


Donkiemuil – met 'n perd as pa en 'n donkie as ma, is die kleintjie 'n donkiemuil.

Esels – baie mense praat van 'esels' as hulle muile bedoel. 'Esel' is eintlik die korrekte naam vir 'n donkie.

'n Jong donkie word 'n **vulletjie** genoem. 'n Vroulike donkie is 'n **donkie-merrie** en die manlike is 'n **donkie-hings**. 'n Hings wat gekastreer is sodat hy nie kan voortplant nie, word 'n **reun** genoem.

Waar kom donkies vandaan?

Deesdae is ons donkies afstammelinge van wilde donkies uit **Afrika** en **Asië**. In Afrika was daar twee soorte: die **Nubiese** donkie in die Noorde en die **Somaliese** donkie in die Ooste. Die kruis op die rug van sommige donkies is afkomstig van die Nubiese donkies, wat uitgesterf het. Die Somaliese wilde donkie het strepies op die bene gehad. Hierdie strepies is nog sigbaar by sommige donkies. Hierdie dele van Afrika is warm, droog en heuwelagtig en gevolglik is die hedendaagse donkie baie geskik om in sulke toestande te werk. In **Asië** het baie verskillende soorte donkies voorgekom. Sommige donkies het in uitsers koue klimaat gewerk en het dus 'n dik, wollerige haarbedekking om hulle warm te hou.



Die twee sterretjies op die kaart van Afrika toon die gebiede waar die Somaliese wilde donkies en die Nubiese wilde donkies voorkom. Die streek wat destyds as Nubië bekend was, is in die hedendaagse suidelike Egipte en Noord-Soedan geleë. Kyk of jy Somalië, Egipte en Soedan in jou atlas kan kry. Vind meer uit oor die oer-kultuur van Nubië.

Van jonk tot oud

Donkies behoort nie te teel voordat hulle vier jaar oud is nie. Donkies is eers op hierdie ouderdom volwasse en behoort ook nie vroeër te begin werk nie, aangesien die skelet nog onvolwasse is. Donkies se leeftyd is veel langer as die van perde, en indien hulle goed versorg word, kan hulle tot vyftig jaar oud word.




Donkies se sosiale lewe

Donkies is tropdiere en is baie ongelukkig as hulle alleen moet lewe. Daar word dikwels hegte vriendskappe gevorm tussen twee donkies en dit ontstel hulle baie as hulle geskei word.

Werkende donkies

Daar is baie lande in die wêreld waar mense dit nie kan bekostig om hulle eie brandstof-voertuie soos vragmotors, trekkers of motors te besit nie. Vragmotors word gebruik om dinge oor lang afstande te vervoer. Trekkers word gebruik om lande te bewerk om voedsel te verbou. Motors word gebruik om mense te vervoer. Arm mense gebruik donkies om al hierdie werk te doen.



Donkies trek ploë en karretjies en vervoer mense, bakstene, sand, kos en water vir hulle eienaars. Daar is eienaars van donkies wat dit nie kan bekostig om hulle donkies behoorlik te voer of om vir hulle die mediese aandag wat hulle nodig het, te gee nie. Hierdie donkies ly baie erg of sterf van uitputting, siektes of honger.

Versorging van donkies

Daar is organisasies in Suid-Afrika en op ander plekke in die wêreld wat met mense en hulle donkies werk. Hulle help deur siek donkies te versorg en eienaars op te lei om behoorlik na hulle donkies om te sien.

Rusplek vir donkies

Daar is erg mishandelde donkies wat gelukkig gered word. Hulle gaan woon dan op 'n veilige plek waar hulle nie langer hoef te werk nie, en waar hulle net kan lewe en rus. Eseltjiesrus Donkey Sanctuary in die Wes-Kaap is so 'n plek.

